



Akademie Reformia

Soli Deo Gloria

PIETERSBURG

1
✉ 483, THORNHILL PLAZA 0882
☎ (015) 296 8812 / 📠 (015) 296 8801
e-pos: admin@akademiereformia.co.za
EMIS - nommer: 904225655
Registrasienuommer: 2010052
UMALUSI Akkreditasie: 17SCH0100246
NPO 239-977

28 Januarie 2020

Nuusbrief 1

Geagte Akademie-ouer

Welkom in 2020

Hartlik welkom terug na die Desember vakansie. Die vertrou word uitgespreek dat u en u gesin 'n welverdiende en aangename rustyd beleef het en met hernude krag uitsien na die kwartaal.

Hierdie skool is 'n ouerskool – 'n verlengstuk van die gesin. Ons as personeel spits ons daarop toe om elke leerling, as verbondskind, die kern van ons dagtaak te maak met die klem op 'n gelukkige kind wat ten volle toegerus is vir 'n lewe tot eer van die Here.

Dit is my opregte wens dat u vennootskap met ons skool, onder alle omstandighede, gekenmerk sal word deur besondere interpersoonlike verhoudinge waarin die belange van ons kinders die hoogste prioriteit met toewyding, eerlikheid en in opregtheid gedien sal word.

Die skool het hierdie jaar sy deure met 134 leerlinge geopen. Dit is verblydend om te meld dat Kleinbegin Kleuterskool 25 % groei getoon het. Daar is egter nog ruimte vir groei by die laerskool en doen ons dus 'n beroep op ouers om die skool by vriende en familie wat dieselfde ideale as die skool deel te bemark. Onthou: Indien u ouers na die skool verwys en hulle aansoek om toelating goedgekeur word, sal u jaarlikse inskrywingsfooie van R950 gratis wees.

Personalia

Ons verwelkom graag elke leerkrug terug na die vakansie. Mag u gedurende die kwartaal sukses behaal en arbeidsvreugde ervaar.

In besonder bid ons die nuwe leerkrugte wat by ons aansluit die Here se seën toe. Ons vertrou dat u 'n daadwerklike verskil sal maak op die terreine waar u betrokke gaan wees.

Nuwe leerkrugte:

Naskool Juffrou (Laerskool) Chantelle Lyon

Juffrou Marian Jordaan

Juffrou Ise-Marie Jardim

Student Monené Anker



KLEINBEGIN BEGIN GROOT IN 2020!

Wiekie van Ree

Ons verwelkom al ons ou en nuwe Kleinbeginmaats en hul ouers vir 'n heerlike nuwe skooljaar propvol opwinding. Ons beplan 'n jaar met baie aktiwiteite en pret vir ons kleuters!

Ons kleuterskool gaan van krag tot krag en ons is dankbaar vir die groei wat ons skool toon. Tans is daar 12 Muise in Ouma San se klas, 17 Beertjies by Juf Wiekie, 12 Pikkewyne by Juf Alta en 17 graad R-maats is in Juf Ansie se Kameelperdklas. Juffrou Monenè Anker het by ons aangesluit as assistent, en maak reeds 'n reuse verskil in ons daaglikse roetine.

Die volledige ontwikkeling van elke kleuter is vir ons baie belangrik by Kleinbegin Pre-primêr en ons beplan ons dae en aktiwiteite met die hele menswees van u kleuter in gedagte. Ons lê klem op spel-gebaseerde onderrig en u kleuter leer daaglik 'n hele rits vaardighede aan, en oefen dit in, sonder dat hy of sy eens bewus is van die leerproses!

Ons dae bestaan uit gestruktureerde oggendperiodes, soos sang, musiek en liggaamsoefeninge. Daar is heerlike buitenspel en 'n kreatiewe periode voor middagete.

Die blootstelling aan musiek is van onskatbare belang vir jong kinders. Dit brei hul woordeskat uit, ontwikkel spraak, ontwikkel wiskundige vaardighede, bou geheue en selfvertroue en is somer hope pret. Tydens ons slaginstrumentperiodes maak die kleuters 'n heerlike lawaai, en ons verseker dat elke kleuter blootstelling kry aan 'n verskeidenheid slaginstrumente.

Gesonde en sterk lyfies maak gelukkige kleuters wat leergereed is teen die einde van graad R. Ons beplan ons gestruktureerde liggaamsoefeninge met elke ouderdomsgroep se mylpaalontwikkelingsvlakke in gedagte. So verseker ons dat ons maats met goeie postuur en die korrekte integrasie gereed is vir stilsit en konsentreer in hulle fondasiefase. Ons is dankbaar vir die kundige personeel van Playball wat ons op weeklikse basis hiermee help.

Die kleuters geniet die kreatiewe werk wat ons doen. Tydens hierdie aktiwiteite ontwikkel ons fynmotoriese vaardighede en die kleuters word blootstelling gegee aan verskillende media. Dit stel ons kleuters in staat om sensories te groei en hulself kreatief uit te druk.

Benewens hierdie gestruktureerde aktiwiteite vind daar ook baie ander aktiwiteite by Kleinbegin plaas. Ons bak-en brou en ontdek meer van die wêreld deur gereelde wetenskapperperiodes. Die kleuters geniet ook skattejag en ons spesiale dae soos inry-dag en gogga-dag.

Ons bied ook die geleentheid aan kundige persone om ons kleuters verder die stimuleer deur van ons fasiliteite gebruik te maak. Witjassies, Playful Potters en EQ 4 Kids is weekliks beskikbaar om ons kleuters verder te ontwikkel.

Die personeel van Kleinbegin Pre-primêr is opgewonde om u kleuter met liefde en begrip deur 2020 te begelei



‘N GESONDE LIGGAAM HUISVES ‘N GESONDE GEES.

Ise-Marie Jardim

In 1 Kor 6:12 lees ons dat ons liggaam ‘n tempel van God is. Daarom is dit vir ons as mense belangrik om om te sien na ons liggame op ‘n geestelike, fisiese en emosionele vlak. Om ‘n gesonde kosblik te pak is ook u as ouer se verantwoordelikheid om te sorg dat u kind die nodige versorging op ‘n fisiese vlak ontvang.

Wat kan ek as ouer doen om te sorg dat my kind reg eet?

Eerstens kan ons begin by die begin. Die eerste maaltyd vir die dag is die belangrikste, veral vir ons kinders. Vir ontbyt is dit belangrik om te kyk vir ‘n ontbytpap wat ‘n lae glukemiese indeks (GI) het. Dit beteken dat die kind se bloedsuikervlakke vir langer konstant gehou sal word en dus bydrae tot beter konsentrasie in die klas. Goeie voorbeelde van hierdie tipe ontbytgrane is Futurelife, Pronutro (whole wheat), oats pap (slegs die ongegeurde “*instant*” oats) asook All bran en mieliepap wat eers afgekoel het. Ontbytgrane met ‘n hoë GI en minder suiker is Rice crispies of Corn Flakes. Dus is enige van die bogenoemde opsies aanvaarbaar, maar ‘n laer GI beteken steeds dis die beste opsie.



By die skool gebruik ‘n kind ongelooflik baie energie om te kan konsentreer. Dit is dus uiters belangrik dat ‘n kind ‘n gesonde kospakkie skool toe bring om hom/haar deur die dag gevoed te hou. ‘n Gesonde kosblik bevat lae GI stysel, suiwel, gesonde vette, proteïene asook groente en vrugte.

As stysel kan mens kyk n lae GI brood (verkieslik bruin brood), provitas, pasta of rys van die vorige aand. ‘n Suiwel kan ‘n jogurt, melk of drinkbare jogurt wees. Kaas tel ook as ‘n suiwel en sou ‘n goeie opsie wees om op die brood te sit of om ‘n blokkie kase by die kosblik te voeg. Gesonde vette verwys na grondbone botter, avokado, margarien asook neute en sade. Wissel hierdie gesonde vette af van dag tot dag.

Proteïene word hoofsaaklik in melkprodukte asook vleis en vleis alternatiewe gevind. Dit word aanbeveel dat maer, ongeprosesseerde vleis gebruik word vir die kosblik. Indien ham gebruik word is dit belangrik om lae vet ham te gebruik. Tuna, hoendervleis, beesvleis, vissmeer, biltong of varkvleis kan gebruik word. Verskillende vrugte bevat verskillende vitamines en minerale. Probeer dus elke kleurgroep in u kind se dieet insluit. Maklike groentes om te gebruik is “*cherry*” tamaties, komkommer en wortels. Kinders kan van jonks af leer om hierdie groentes te eet.

Suiker word in byna elke produk wat ons deesdae eet, aangetref. Probeer dus die kind se suiker inname beperk deur eerder gesonder lekkernye te gee soos droëvrugte, neute en biltong. Kies ‘n dag in die week en sluit dan ‘n lekker/ chippie in die kosblik in. Gesonde eetgewoontes wat nou gekweek word sal lei tot ‘n afname in leefstyl siektes in die toekoms asook minder obesiteit. Maak op die manier ‘n belegging in u kind se lewe.

Ise-Marie Jardim is ‘n geregistreerde dieetkundige

Atletiek datums

Graag hou ons die volgende belangrike atletiekdatums aan u voor:

27 Januarie: Ironwood – atletiekbyeenkoms te Pieter Mokaba stadion

22 Februarie: ICO- Hoërskool Tom Naude se velde

25 Februarie: Euphorbia Atletiek te Naboomspruit

Bokkesport

Ons opregte waardering word uitgesprek teenoor elke ouer wat by die Bokkesport atletiek betrokke was. Dit is fantasties om te sien hoe ouers by elke faset van die dag betrokke was. U direkte betrokkenheid by u kind se opvoeding is van onmeetbare waarde.



ICO-Atletiek byeenkoms

Akademie Reformia het hierdie jaar die voorreg om die gasheer van die jaarlikse ICO-Atletiekbyeenkoms te wees. Ons beplan om die dag D.V. op 22 Februarie by HTS Tom Naude se sportvelde aan te bied. Die byeenkoms belooft om 'n gulde geleentheid vir fondsinsameling te wees en u betrokkenheid word hoog op die prys gestel.

Rugby en netbal

Sodra die meerderheid van die atletiekbyeenkomste afgehandel is sal daar met afrigting van rugby en netbal begin word. Ons doen al reeds op hierdie vroeë stadium 'n beroep op ouers om betrokke te raak by die afrigting van die sport. U betrokkenheid word hoog op die prys gestel.

Ons skool se bulletjierugby- en mini-netbaldag word aan die begin van die tweede kwartaal aangebied en ons sien soos in die verlede daarna uit om saam u te werk om 'n sukses van die dag te maak.

Gedragkode vir leerlinge

By Akademie Reformia streef ons daarna om ons skoolleuse, *Soli Deo Gloria*, op alle terreine uit te leef. Elke leerling van Akademie Reformia is 'n ambassadeur van die skool wat volgens die beeld van God geskape is. Dit is daarom vir ons van kardinale belang dat ons trotse Reffies altyd alle vorme van netheid op persoon, skooluniform, met sportdrag, ens. handhaaf. Ons leerlinge mag geen modegiere, met inbegrip van haarstyle ("comb over" -haarstyl by seuns), die kleur van hare, die dra van armbande, ens. na volg nie.

Ten slotte

Die verhouding tussen die skool en die ouerhuis is vir ons baie belangrik. U elkeen word daarom uitgenooi om enige knelpunt wat mag bestaan, met ons te kom bespreek – ons deur staan altyd oop.

Mag die jaar vir u en u kind seën, geluk en voorspoed inhou.

Vriendelike Akademie-groete



MNR. D.E.H. COMBRINK
HOOF: AKADEMIE REFORMIA